Die Sleutel Van Die Deur

'n Voorreg om by die tabernakel te wees! Dit was vir my ook 'n bietjie onverwags gewees. Ek, geweet vanaand is die nagmaalaand, ek hou altyd daarvan, as ek êrens in die rondte is, om in te kom op die nagmaal. Want dis. . .Ek dink dat alle Christene met verwagting na gebruik van nagmaal behoort uit te sien, omdat Jesus gesê het: "As julle dit nie eet nie, het julle geen deel aan My nie." Gevolglik, dis 'n. . .altyd 'n grootse voorreg om—om in die tabernakel in te kom. Dan, vanaand, het Broer Neville gesê hy is net 'n klein bietjie hees, en—en sou hou daarvan as ek met ons gemeente sou praat. Ek het hom gesê ek sou bly wees om dit te doen. Ek sal ook graag wil aankondig dat as. . .

2 Môre-aand is die mans se byeenkoms, die trustees, môre-aand, en die sakemanne hier van die kerk, op hulle gereelde Maandagaand byeenkoms en hulle. . .moet 'n besluit neem met die kontrakteur. Ek skat julle almal verstaan dat ons—ons—ons papiere deurgegaan het, en ons gaan in staat wees om die kerk te bou. En so gaan dit deur, en ons sal waarskynlik hierdie week begin. Die kerk neem 'n aanvang hierdie week, sover ek weet. En hulle het ons afgekeur daaroor, hier in Jeffersonville. Maar ons is na Indianapolis, die staat, en hulle het ons toestemming gegee, so ons gaan dit bou. En so begin dit, dalk, hierdie week. Dit sal bekend wees na die byeenkoms môre-aand. En dan na die byeenkoms môre-aand, as hulle nie hierdie week begin nie, as iets gebeur, die kontrakteur nie hierdie week kan begin nie, gaan hy dan die volgende week begin.

3 En hierdie komende naweek, Saterdagaand, Sondagoggend en Sondagaand, van volgende week, hierdie volgende komende Saterdag en Sondag, as die Here wil, wil ek 'n—'n—'n drieledige byeenkoms hê, weer, soos ons 'n paar weke gelede gemaak het. En dan nadat ons. . .Dit sal wees Saterdagaand, en dan Sondagoggend, en dan Sondagaand. Hierdie volgende, dit sal die dertiende en veertiende van hierdie maand wees.

4 En dan gaan ek en sommige van die broers weg na daardie tyd, daar na Colorado, op 'n jagtog, kom dan terug. As die tabernakel, wanneer dit klaar is, as dit die wil van die Here is, wil ek neem, miskien 'n hele week voor ek weer vertrek vir die dienste, en *Die Sewe Seëls* van Openbaring hou. Net voor. . . Soos ons *Die Sewe Kerkeeue* gehad het, nou *Die Sewe Seëls* om Daarop te volg.

5 En waarskynlik binne omtrent twee of drie weke, want ek dink hulle gee voor hulle, met die manne wat hulle daarop gaan sit, kan hulle, kan ons die tabernakel bou en dit in omtrent tien dae hê, of vyftien, so-iets. Dan gaan ons sitplek hier hê vir

omtrent twee keer die mense wat ons het, of drie keer, dalk meer mense. En dis die manier dat ek tot daardie tyd gewag het.

6 Want, die laaste Saterdag en Sondag, was dit verskriklik, julle weet. Die mense het hier gestaan teen twee-uur in die middag, om die tabernakel te vul, voor die kerk ooit oopgemaak het. Die volgende oggend, teen vyfuur, 'n verpleegster woon langs my, het daarvandaan gekom, gesê: "Daar was mense ingepak reg rondom die tabernakel teen vyfuur in die oggend." So, en dan die mense, wanneer hulle inkom, is daar geen plek nie, en hulle raak mismoedig en hulle gaan weg. En—en dan hulle wat staan, en opgehoop en hulle is ingedruk in die paadjies, hulle voel heel gekramp, en alles. En ek het vroue daar sien staan, sweet, julle weet; so, en die sweet loop van hulle af. En 'n man gee op, en gee sy, 'n vrou 'n stoel, en dan sal hy staan tot sy bene seer is, en iemand anders sal vir hom gee. Weet julle, ensovoorts; en dis jammerlik, en moeders met klein siek kindertjies ensovoorts, dis erg.

7 So, ons probeer dit nou uitskakel deur 'n groter tabernakel te bou. En ons sal 'n lekker plek hê waar die kinders, somtyds . . . en onderbreek, soos kindertjies wat huil; wel, ons gaan 'n kamer daarvoor hê, so die moeders kan ingaan, steeds die diens sien, en word uitgesaai tot reg in die kamer. En Sondagskoolkamers hê en alles net op lyn soos dit behoort te wees. En dit, as die Here wil, vind plaas, kom hierdie komende week.

8 Julle almal het 'n honderd persent daaroor gestem, so ons het reg daarby gehou, sien. Die kerk is soewerein. Wat die kerk sê, dis wat. Trustees of niemand anders . . . Die trustees is net, elkeen, 'n stem. Die pastoor is net een stem. Dis die kerk, dat dit—dit die demokrasie van die kerk, die soewereiniteit van die kerk is. Die kerk, as geheel, spreek. Dis al. En ons hou daarvan, omdat ons geen biskoppe of hiërargieë of opsigters of sovoorts het om ons *dit*, *dat*, of die *ander* te sê nie. Dis die Heilige Gees in die kerk, doen die praatwerk. Ek hou van daardie reël, en dis baie goed.

9 En ek het gevra: "Wil julle almal wag totdat ons genoeg het om die tabernakel weg te beweeg en 'n groot kerk te bou?" Dit was op die trusteeraad, en dit kon nie besleg word deur die trustees nie. En toe het hulle my gevra, as die algemene opsigter, om die kerk te kom vra. Toe het ek gesê: "Nou ons het genoeg geld om die kerk te vergroot en dit heel anders in te rig, en alles, as wat ons gehad het." Ek het gesê: "Nou ons kan dit onmiddellik doen, of ons geld spaar tot ons genoeg het om die volledige kerk op te rig, nuut, êrens anders."

10 En ons het 'n stemming daaroor gehou in die kerk, en daar is eenstemmig gestem om "die kerk sommer nou op te rig, en dis net 'n groter kerk sommer nou bou." En ons het net daarby gehou.

11 En die raad hier op Jeffersonville het ons afgekeur, en ons kon dit nie doen nie. En ons het daar bo-oor gegaan, en na

Indianapolis gegaan en die Staat daarby ingelaat. En toe het hulle die woord teruggestuur, dat: "gaan voort," ons het die goedkeuring om dit te bou. So dan het die stad nou niks daarmee te doen nie, dis die Staat wat dit moet doen. So dan het ons die toestemming, en die kontrakteur het die—die permit sommer nou in sy hand, en ek skat hulle is gereed om enige tyd te begin.

12 Hierdie môre-aand, as die—as die kontrakteur sê hy wil volgende week begin, dan sal ek net die dienste weglaat vir die...totdat ons in *Die Sewe Seëls* ingaan. En dan as die kontrakteur nie volgende week kan begin nie, dan sal ek die volgende Sondag, Saterdag en Sondag, sal ek die diens hou voor ek vertrek.

13 En dan sou ek dit hierdie Sondag gehad het, en het toe uitgevind vanaand is die nagmaalaand, toe laat ek dit hierdie Sondag weg. Want, so 'n skare, jy kan nie nagmaal gerieflik gebruik nie, en dan wanneer ons die groter kerk het, kan ons.

14 Nou, ons het 'n toekomende President. Die...o, julle weet wat ek bedoel, dit is pas by die Hickerson-familie afgelewer nie lank gelede nie. En ons suster, wat die pianiste is, as jy sal kom en ons 'n akkoordjie op die klavier gee, vir "Bring Hulle In," as jy sal, of een of ander liedjie van daardie tipe. Hierdie mooi klein meneertjie in die Hickerson-familie, is so lank na uitgesien, het gearriveer. 'n Baie mooi kêreltjie, en hy is beslis 'n juweel vir die Hickersons. En hulle is almal juwele vir ons, ons het hulle lief en hulle is werklik ons broer en suster. Ons is dankbaar om hierdie kleintjie in hulle familie gebore te hê, wat absoluut die familie gerevolusioneer het. En as hulle, vader en moeder nou hierdie kleintjie vir toewyding sal bring. Nou die Skrif sê: "Hulle het na Hom gebring kinders, suigelinge, dat Hy Sy hand op hulle kon lê en hulle seën."

15 Nou, daar's mense in die wêreld wat glo in wat hulle "kinderdoop" noem. En, dit is, hulle vat hierdie kleintjies en doop hulle glad nie, want, hulle sprinkel net water oor hulle. Nou, ons vind dit nêrens in die Bybel nie, waar hulle ooit enigiemand besprinkel het, volwassenes nie, wat nog te sê kinders.

16 En so is doop 'n belydenis dat 'n inwendige werk van genade gedoen is. En die suigelinge het geen kennis van sonde nie. Gevolglik, toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy gesterf om die sonde van die wêreld weg te neem. En wanneer die baba 'n menslike wese geword het, en gebore is in hierdie wêreld in, het hulle geen sonde van hulle eie nie, gevolglik het hulle geen bekering om te doen nie. Maar, wanneer dit, die Bloed van Jesus Christus daardie sonde wegneem. Natuurlik, die baba is gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, kom na die wêreld en spreek leuens, en hulle is van nature sondaars, maar die Bloed van Jesus Christus versoen daarvoor. Maar wanneer die baba by

die ouderdom van toerekenbaarheid kom, en weet wat reg en verkeerd is, dan moet hy berou hê oor wat hy gedoen het. Sy sonde is nou die sonde net soos hy in sonde gebore is, dis die menslike sonde, die sonde is nou die sonde wat Adam en Eva gedoen het; en dit is weggelaat deur God, deur die Bloed van Jesus Christus. Nou het die baba geen sondes om berou oor te hê nie, totdat hy sondig, dan moet hy berou hê. Sien? En wanneer hy berou het, dan is dit die tyd om gedoop te word, en dan word hy gedoop deur onderdompeling.

17 Tot daardie tyd, volg ons die instruksies van die Bybel, wat: "Hulle het die kindertjies na Jesus gebring, dat Hy Sy hande op hulle kon lê en hulle seën." Hierdie lieflike ouer bring vanaand hierdie babatjie na my en die pastoor, vir toewyding. En hulle voel dat hom te plaas in die verteenwoordigers van Christus se hande, plaas hulle hom in Christus se hande. Dan, deur geloof, neem ons die baba na God, om dank te betuig vir hom hierheen te bring, en vra God om hom te seën, wat ons noem "baba toewyding."

18 Nou, julle weet hoe ek oor my eie kinders sou wees. Ek het 'n dogtertjie in Heerlikheid vanaand, en sy was toegewy aan die Here, hier by die altaar. Ek het 'n seuntjie en dogter wat daaragter sit, vanaand, wat nog nooit gedoop is nie. Een, elf, ek het vandag met haar daaroor gepraat, Sarah, vir doop. En Joseph is net sewe, so hy; nog te jonk daarvoor, vir sover totdat . . . As hy dit sou begeer, en sê God het dit op sy hart geplaas, dan sou ek dit doen. Maar, as babas, dra ek hulle net aan die Here op, want dis die Skriftuurlike leer daaroor.

19 Broer Neville, as jy nou saam met my sal uitstap na hierdie mooi seun. [Broer Branham nader Broer en Suster Hickerson—Red.] Ek was bevrees . . . Is dit Hollin? Hollin? Ja, Hollin, Junior. Stephen Hollin. Wel, dis mooi. O, ek het gedink hy slaap. Dis daardie aard van die Hickersons, enigiets gaan aan. Ek het hom nou die dag gesien, ek het gesê: "die President," ensovoorts. En, natuurlik, dit was vir hom te klein, sien, praat van hom as 'n "President." Hoe gaan dit met jou? Wel, ek weet dit gaan beslis 'n skat wees vir enige godvresende moeder. Sou julle nie so dink nie? Baie soet. En nou, Broer Hickerson en Suster Hickerson, as 'n dienaar van Christus, as julle pastoor, neem ek hierdie baba, deur geloof, na die arms van Jesus Christus, in Wie julle wens om hom in Sy arms te plaas.

20 Laat ons ons hoofde buig waar ek en die pastoor hier staan met ons hande op die baba.

21 Ons Hemelse Vader, in die Bybel het hulle na U gebring, kindertjies, dat U U hande op hulle kon lê en hulle seën. En waarlik, Here, hulle was geseënd. En nou om U voorbeeld te volg, die dinge wat U gedoen het, het ons stiptelik probeer, Here, lees die Bybel en volg die voorbeeld net soos U gemaak het. En

hierdie vader en moeder, Broer en Suster Hickerson, ons geliefde dissipels hier in die Tabernakel, bring hierdie bondeltjie vreugde na ons wat U in hulle sorg geplaas het. Dit kom van U, Here. U het hulle hierdie kind gegee. En nou begeer hulle om sy klein lewetjie aan U te gee, om U tot diens te wees. Ek bid dat U hierdie kind seën, dat U hom 'n lang lewe gee. Mag hy lewe, indien moontlik, om die Koms van die Here te sien. Ek bid dat U hom sal seën, waarby hy ook al is. Mag hy grootgemaak word in 'n Christelike huis, soos hy in een gebore is. En mag hy voortgaan in hierdie huis. Mag die vader en moeder lewe om die baba in die preekstoel te sien, indien moontlik, die Evangelie verkondig. Hulle sou liewer dit so sien, Vader, as op die—die troon by die Wit Huis, of êrens anders, omdat hulle dienare van U is, en begeer dat die baba se lewe in 'n toewyding en 'n seënwens aan die werk van God sal wees.

22 Nou bid ek, Vader, dat U die kind sal seën. En mag die genade van God op hom rus, en mag hy sy hele lewe gesond en gelukkig wees. En mag die vader en moeder lewe om hom volgroeid te sien, vra ons weer. Seën dit wat ons in U Naam seën.

23 En nou, klein Stephen Hollin Hickerson, gee ek jou aan Jesus Christus, dat die seëninge wat ons gevra het op jou kan rus. Wees gesond en sterk, my broertjie, en mag jy leef om God te verheerlik. In die Naam van Jesus Christus vra ons dit. Amen.

God seën jou. God seën julle almal. Baie soet baba.

Waar ons nooit oud word nie, niemand oud word nie;
In die Land waar ons nooit oud word nie;
Nooit oud word nie, nooit oud word nie,
In die Land waar ons nooit oud word nie.

24 Sal dit nie wonderlik wees nie? Die jonges sal volwassenes wees, en die oues sal jonk wees. Nou, is dit nie wonderlik nie? En ons sal nooit siek wees, of nooit leed hê, of nooit sterwe nie.

25 Nou, die dienste, wat Broer Neville afgekondig het. Ek wil nou ook aankondig dat daardie diens, moet dit nie vergeet nie, en die dienste waarvan hy gepraat het. Ook, 'n Mev. Ford wat jare gelede altyd na die kerk gekom het, ek het haar pas na haar dogter toe geneem, 'n paar dae gelede, en sy's tagtig jaar oud, en het gegaan om die Here te ontmoet gisteraand om agtuur, dink ek. En haar dienste, sal ek en die pastoor hou by die kapel te Coots, Woensdag, om tien—tien-dertig, hierdie komende Woensdag. Mev. Ford, Mev . . . ek dink ek vergeet wat sy . . . Levi, Mev. Levi Ford. Ons . . . Dis—dis die Lloyd Ford se moeder wat julle in my boek sien, dat hy daardie Boy Scout uitrusting vir my sou spaar, en ek het slegs een broekspyp oor gekry. Nou, dis—dis die seun se moeder. Toe het ek haar daarheen geneem nou die dag en saam met haar gebid, die arme ou ding. En sy het gegaan om die Here Jesus te ontmoet.

26 Nou, as die Here wil, ek het iets hier gehad dat ek kan aankondig dat die dienste, as hulle aankom vir hierdie volgende week, as ek hulle hierin gesit het, of ten minste het ek gedink ek het dit gedoen, oor waaroor ek sou praat vir die—die—die komende, hierdie komende diens van die volgende week. As ek—ek dink . . . ek het gedink ek het dit in hierdie boek gesit, ek weet nie of ek het of nie. Ja, hier is dit. As die Here wil, Saterdagaand wil ek preek oor die onderwerp van "Waarom een mens se lewe 'n ander se lewe beïnvloed." En Sondagoggend wil ek preek oor "Die kopsteen plaas op die piramide." En Sondagaand wil ek preek oor *My Gids*, die onderwerp, *My Gids*, vir hierdie komende Sondagaand. Nou mag die Here daardie dinge seën en my help, waar ek weg was, en net 'n bietjie konteks om hulle op te tel.

27 Nou vanaand, wil ons gou maak en 'n paar dinge hê. Terloops, ek het 'n brief hier wat—wat pas in die pos gekom het, waar Billy dit 'n ruk gelede opgetel het, dat sekere broers in Michigan is, en dit kom van die predikersvereniging wat 'n klomp dinge het. Dis wat dinge deurmekaar krap, julle sien. Dat, hulle beweer hierin dat sommige broers daar wat gesê het dat ek hulle daarheen gestuur het, en hulle verkondig dat mans hulle vroue behoort te los en te soek na hulle geesgenoot, en dat—dat ek volkome onfeilbaar is. Dat daar niks is . . . En, o, sommige van die aakligste dinge wat julle ooit gehoor het. En die predikersvereniging het dit in die hande gekry, en hulle skrywe vir my 'n brief daaroor, en dat ek hulle daarheen gestuur het en dit veroorsaak 'n klomp verwarring. En party van hulle profeteer en sê dat een man *hierdie* vrou behoort te verlaat en met *daardie* een te gaan trou. Nou hierdie kerk weet dat ons vir geen sulke twak soos daardie staan nie.

28 Ons glo in die Bybel. Ons glo dat wanneer 'n man 'n vrou neem, is dit sy eggenote, en net die dood kan hulle skei. Net dit. Ons glo nie sulke goed soos daardie nie. Ons glo ook nie in vrye liefde nie. Ons glo nie in daardie goed nie. Ons glo die Bybel absoluut, en Dit alleen. So ek sal dit maar fotokopieër, kopie van hierdie brief, en my antwoord daarop gee en dit in die tydskrifte plaas, en dit sal—dit sal daarvoor sorg. Ek hoop dit doen dit, in elk geval, antwoord op hulle.

29 Nou vanaand, net voor ons die Skrif open, laat ons met ons Here praat.

30 Ons Hemelse Vader, ons nader U Troon van genade, in die Naam van die Here Jesus, Daardie groot Een Wat neergedaal het uit Heerlikheid om vir ons die rykdom van die skatte van God te ontvou. Hoe dank ons U nie vir hierdie groot Jesus nie, Wat die manifestasie van God was, gemaak persoonlik vir ons, en deur Hom het ons verlossing van ons sondes. En ons het nou van dood tot Lewe oorgegaan, omdat ons Hom glo. Want dit is geskrywe van Hom, dat Hy gesê het: "Hy wat My Woorde hoor en glo aan

Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nie na die oordeel kom nie, maar het oorgegaan van die dood tot die Lewe."

31 Seën U Woorde, vanaand, Here. En ons is hier om die nagmaal te gebruik oor net 'n kort tydjie. Christelike, medeburgers van die Koninkryk sal vergader rondom die altare, en daar sal hulle wat ons "die nagmaal" noem, gebruik, die—die klein deeltjie van—van sakrament wat U ons nagelaat het, om te wys dat ons glo dat U vir ons sondes gesterf het, en weer opgestaan het op die derde dag, en lewend vir ewig, en doen dit totdat U terugkeer, volgens die Skrifte soos ons beveel word. Heilig ons harte van bose gedagtes en alles wat ons gedoen het wat teenstrydig was met U groot wil. Vader, vergewe ons, en gee ons van U genade vanaand. Breek vir ons nou die Brood van die Lewe, in die Woord, waar ons Dit lees en Daaroor praat. In die Naam van die Here Jesus, vra ons dit. Amen.

32 Nou in die Boek van Openbaring, begin met net een vers, ek wil graag die 20ste vers lees, of die 1ste vers van die 20ste hoofstuk.

> *En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.*

33 Nou wil ek graag praat, as dit sou wees, as ek dit die teks hieruit sou noem, of 'n konteks aflei uit hierdie teks, vir die volgende twintig of vyf-en-twintig minute, sou ek dit wou noem: *Die Sleutel Van Die Deur*. Nou, ek wil dit nie—nie dit die "sleutels" maak nie, omdat Petrus "die sleutels tot die Koninkryk" gegee was. Maar ek wil hierdie noem: *Die Sleutel Van Die Deur*. En dan onmiddellik hierna, wil ek graag 'n paar opmerkinkies maak oor nagmaal, voor ons dit vanaand gebruik.

34 Nou, 'n sleutel. Ek let op hier waar ons lees, dat hierdie Engel neergedaal het uit die Hemel, die sleutel in sy hand gehad het. Ek dink dis Openbaring 13 of 19, vind ons weer, 'n ander Engel kom met 'n sleutel. En 'n sleutel is, 'n doel van 'n sleutel, is om iets te ontsluit, iets wat toegesluit was, of iets wat toegesluit behoort te wees. Maar 'n sleutel word vir daardie doel gegee.

35 Nou, daar is baie soorte sleutels, omdat ons baie gebruike vir sleutels het. Daar is sleutels vir die stoorkamers. Daar is sleutel van jou eie huis, daar's sleutel van jou motorkar. En ons noem hulle sleutels, en hulle is sleutels. En hulle kan gedupliseer word, baiekeer. Of van die huis, kan daar somtyds gemaak word, wat ons noem, die lopersleutel. Met ander woorde, dis 'n sleutel wat soort van gemaak is met die klawers, werk daarop, wat—wat die slot op 'n sekere manier draai en byna enige deur kan oopsluit, genoem: "die lopersleutel." Dis 'n basisraam vir baie sleutels, en dit kan op daardie manier oopgesluit word, met ons huise of selfs vir ons motorkarre, kan gedupliseer word. En dan is daar . . .

36 Enige sleutel kan geen deur oopsluit voordat dit deur 'n hand gebruik word nie. Daar moet iets wees om die sleutel te gebruik.

Die sleutel op sigself kan homself nie gebruik nie. Daar moet iets wees om die sleutel te beheer.

37 Dis soos hierdie mikrofoon waardeur—waardeur ek praat. Daardie mikrofoon is 'n stom ding. Tensy daar iets is om daardeur te praat, kan dit nie deur homself praat nie. Dit moet iets hê om daardeur te praat. So, dit is nie die mikrofoon nie, dis die stem of die—die geluid (daaragter) wat die mikrofoon uitsaai na die—die luggolf, na jou oor toe.

38 Nou, dis hoe dit is met die verkondiging van die Evangelie. Dis nie ons self, as predikers nie, ons is nie die Evangelie nie. Maar ons is slegs senders wat die Stem van God uitsaai deur ons agentskap, as mense, na die toehoorder.

39 'n Visioen is net so. Ek weet niks wat om te sê vir die kerk op hierdie tydstip betreffende 'n visioen nie. Maar as die Heilige Gees sou my wys, eers, met 'n visioen, dan dra ek daardie visioen oor na die een op wie dit gerig is. So dit was nie ek nie, ek, die visioen was nie ek nie. Dit was God wat die visioen gegee het, en ek het opgetree as 'n oordraer, om die boodskap van die visioen na vore te bring vir die mense.

40 Nou, 'n sleutel is dieselfde ding. Verskoon my. Die sleutel moet net in die hand gehou word wat die deur oopsluit. Sien, dit moet 'n hand wees. Nou, en vir die sleutel waaroor ek vanaand gaan praat, is slegs een hand wat hierdie sleutel kan hou, en dis die hand van geloof. Dis al ding wat—wat hierdie sleutel kan hou. En hande hou ander sleutels vas, en dit vereis 'n hand van geloof daarvoor.

41 Nou, ons vat soos die sleutel tot kennis. Nou, 'n mens moet, as hy kennis probeer versamel, sien, daar's 'n sleutel daarvoor. Daar's 'n manier waarop hierdie mens moet oopmaak. Hy moet wees, om sy boeke te kry en sy geleerdheid, en hy kan nie . . . niemand kan hom leer nie. Hulle kan hom onderrig, maar hy moet leer. En die enigste manier dat dit gedoen kan word, hy moet daardie sleutel snap, daardie iets daarbinne wat vir hom die kennis ontvou of ont- . . . openbaar wat hy soek.

42 En daar is mense soos wat sou probeer om 'n klavier te speel, en hulle . . . of musiek. Hulle weet nie presies hoe hulle dit doen nie, maar hulle sou daarheen kon gaan en die onderwyser kan les na les neem, en hulle sou dit nooit leer nie. Hulle kan net nie daardie sleutel tot daardie geheim hou nie, hoe die ritme en die klanke van die stemmery ensovoorts weergalm nie. Dit verg die sleutel.

43 En wiskunde, daar's 'n sleutel tot wiskunde, dat jy maar net die draad daarvan moet kry. Ek't mense gesien wat vier rye syfers kon vat, en hulle vingers plaas, elkeen van hulle vingers op 'n ry syfers, en sommer net *so* afkom daarmee vir miskien vyf en ses syfers diep, en die antwoord onderaan sit. Tel vier rye op 'n slag, enigiets van een tot nege. Wel, ek kry swaar om een ry te tel, tensy

ek genoeg vingers en tone het om te tel, om—om een ry uitgewerk te kry. Ek kon net nooit daardie sleutel kry nie. Maar, julle sien, sommige van hulle het maar net daardie sleutel daarvoor, hulle weet hoe om dit te doen.

44 En daar's 'n sleutel tot kennis, 'n mens agter kennis aan. Daar's 'n sleutel tot wetenskap, die wetenskaplike ondersoeke. Nou, daar's, dis 'n groot sleutel. Mense soek na daardie sleutel.

45 Soos hier 'n ruk gelede het hulle 'n atoom gevind, en het geweet dat daar atome was, en dan het die atome molekule ensovoorts gevorm. Nou, hulle het gaan soek, iemand het geglo as daardie atoom alles aanmekaar gehou het, as die atoom omgedraai kon word, sou dit vat wat dit vashou en dit uitmekaar breek. Want, alles word aanmekaar gehou deur atoom, ons weet dit. Nou, daardie paal word met atome aanmekaar gehou. Jy word aanmekaar gehou met atome. Die gras, die bome, alles word aanmekaar gehou met atome. Wel, as daardie atoom, almal een rigting gedraai, as dit gebreek kan word en teruggedraai, dan sou dit vernietig. En nou, groot wetenskaplikes het geglo dat dit gedoen sou kon word, en hulle het gewerk en hulle het gewerk, en hulle het gesit uur na uur, en week na week, jaar na jaar, totdat hulle dit uiteindelik oorwin het.

46 Dit was, ek dink, Thomas Edison, oor die lig, dat hulle sê die man het 'n wete gehad dat hy elektrisiteit lig sou kon maak. Hy's die uitvinder van die gloeilamp. En hy wou saans nie eens bed toe gaan nie. Hy sou 'n toebroodjie in sy hand vat en sy maaltyd eet, het daar gesit en ontsyfer en gewerk. Êrens diep agter in sy agterkop, het iets hom gesê hy sou dit kon doen. Wat is dit? Dis 'n sleutel wat die weg kan oopmaak.

47 Nie baie jare gelede nie, was daar 'n—'n man wat geglo het dat hy 'n talent het om komiese strokiesprente te skryf. Hy het geglo hy het die sleutel in sy hand gehou. En hy wou . . . hy het gegaan . . . Hy het in Kansas gewoon. Hy het na die redakteur van die groot koerant in Kansas City gegaan, en 'n paar van sy geskrifte ingevat. En die redakteur het gesê: "Meneer, jy het dit net nie. Jy, hoef nie eens te probeer nie, jy, jy kan dit nie doen nie." Maar dit het hom nie bevredig nie. Hy het geweet hy het dit. En hy het weer en weer teruggegaan, het probeer, maar hy (die redakteur) sou hom wegwys. Uiteindelik is hy na ander plekke toe, en hulle sou hom wegwys, het gesê: "Meneer, jy het dit net nie. Jy kan dit nie doen nie." Maar tog het hy geglo hy kon dit doen. En dis die manier, hy het iets in sy hand! Uiteindelik het hy die werk gekry om 'n klein strokie te skryf vir, ek dink, die hoofberig of iets vir 'n kerk, een of ander soort van 'n klein komiese strokie vir die kerk. En hy het vir hom gehuur 'n rot- of muisbesmette motorhuis, waar die muise die hele plek vol was en alles, in sy lakens, en hy het 'n eienaardigheid van 'n sekere muisie raakgesien. Dis daar waar die storie van Mickey Mouse gebore is. Nou is dit 'n multimiljoenêr Walt Disney. Waarom? Hy

het iets in sy hand gehad, en hy het geweet hy hou dit, hy het geweet hy kon dit doen. En dis hoe elke groot prestasie behaal word. Wanneer manne en vroue iets in hulle hand het, dat hulle weet dat hulle dit kan doen.

48 Toe polio die nasie getref het. Waar, ons word nou almal aangesê om hierdie inenting te gaan kry, om dit uit te wis. Toe polio getref het. . . Gister het ek geluister na 'n dokter soos ek op die pad gery het, een of ander dokter van Louisville. Hy het gesê: "'n Paar jaar gelede, toe die groot plaag Louisville getref het," het gesê: "as mense sou gestaan het waar ek het, en sewe-en-vyftig asemhalingsapparate op een slag gesien het, en mans, vroue, seuns en meisies, verlam deur 'n siekte genaamd 'polio' en daar was niks wat daaraan gedoen kon word nie." Het gesê: "Ek wil nooit weer so-iets sien nie."

49 Maar wetenskap het gedink: "As daar so 'n euwel soos polio is, is daar sekerlik iets om dit teen te werk." Hulle het geveg, hulle het op die strate gestaan met stewels, daardie brandweermanne, hulle het hoede uitgesit, en hulle het gesoebat, hulle het gebedel, hulle het alles gedoen, het die sleutel probeer vind om die deur na vryheid oop te sluit. En, uiteindelik, het een Christenheer met die naam Salk, die entstof gevind. Waarom? Daar was 'n euwel op die spel, daar was 'n moordenaar op die spel; daar was 'n sleutel êrens wat vryheid weer sou kon ontsluit vir die mens, en die Salk-entstof was die groot behandeling. O, wat kan die sleutel nie doen nie! Die entstof is voortgebring, en nou word polio uitgewis met hierdie entstof, omdat dit 'n "nooit moeg-geword en nooit-opgee nie" was, daardie sleutel het êrens gelê. Daar was iets wat sou inent daarteen, en hulle was vasbeslote om dit te vind.

50 En as daar so 'n euwel soos polio, witseerkeel, pokkies, geelkoors, tetanus, klem-in-die-kaak, ensovoorts is, wat wetenskap. . . hierdie euwels, in staat was om te beveg, dag en nag, totdat hulle 'n entstof daarteen gevind het, omdat dit boos is, dis 'n moordenaar, hoeveel te meer is daar 'n sleutel tot redding vir 'n mens wat in 'n tronk van sonde is? Daar is 'n sleutel tot daardie deur, om mense daarvan te verlos.

51 'n Sleutel, gewoonlik, wanneer dit die slot sluit, en, wanneer jy 'n sleutel vind, moet dit tot een of ander skat wees, iets wat die moeite werd is, of jy sou dit nie eens toesluit nie. As dit nie werd is om toegesluit te word nie, laat dit maar gaan. Maar wanneer dit werd is om toegesluit te word! So 'n sleutel is gewoonlik die—die aanduiding van iets, of 'n manier om uit te kom by iets wat die moeite werd is. Die sleutel, dis waarvoor dit nou is, dit sal iets oopsluit wat die moeite werd is.

52 Nou lees ons in Johannes, die 10de hoofstuk, Jesus het gesê: "Ek is die Deur tot die skaapkraal. Ek is die Deur," nie *'n* deur nie, "*die* Deur, die enigste Deur. Ek is die Weg, die enigste Weg, die Waarheid en die Lewe, en geen mens kom tot die Vader

behalwe deur My nie. Ek is die Deur tot die skaapkraal en almal wat voor My kom, is vyande, diewe en rowers." Hy is die Deur tot die skaapkraal. Hy is die Deur tot verlossing.

53 "Daar's geen ander naam onder die Hemel gegee waardeur julle gered moet word nie, slegs deur die Naam van Jesus Christus." Geen kerk, geen denominasie, geen geloofsbelydenis, geen doktrines van enigiets nie; slegs deur Jesus se Naam. Dit is die—dit is die Sleutel. Geen wonder Petrus kon een van hulle gebruik op die Pinksterdag nie! Hulle wou weet hoe om by daardie Deur in te kom. Hy het die Sleutel gebruik. En daar's net een Sleutel, omdat daar net een Deur is. "Ek is die Deur." En Petrus het die Sleutel Daarvan gehad. En hy het gesê: "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergifnis van julle sonde, en julle sal die skatte van God ontvang." Dis die Sleutel van die Deur, en Jesus is die Deur.

Daar's net een Deur tot genesing, en Jesus is daardie Deur.

54 Daar's net een Deur tot vrede. Ja. "My vrede gee Ek vir julle." Hy's die enigste Deur tot egte vrede. Jy kan dalk dink jy het vrede. Jy kan dalk genoeg geld versamel om jou huis te koop, jy kan dalk genoeg geld bymekaar maak om vir jou kinders klere te kry, kos te hê om te eet, maar jy kan dalk genoeg gewildheid bymekaar gemaak het om gewild te wees onder mense. Maar wanneer jy jou skoene afgooi in die aand en gereed maak om te gaan lê, is daar net Een Ding wat jou vrede kan gee. Dit is, as jy weet jy sou daardie nag sterwe, is daar net een Vrede, en, dis Jesus is die Vrede. Hy is ons Vrede.

55 Hy is ons Genesing. "Ek is die Here jou God wat al jou krankhede genees."

56 Hy is die Deur na die Hemel. En daar's geen ander deur of geen ander weg behalwe deur Jesus Christus nie. Hy is die Deur na die Hemel.

57 En nou is Jesus die Deur tot al hierdie dinge, en geloof is die sleutel wat die Deur oopsluit. Nou, as Jesus die Deur is tot al hierdie beloftes van God, ontsluit geloof in Sy voltooide werk elke deur tot elke skat wat daar binne-in die Koninkryk van God is. Sien dit? Sleutel is . . . Geloof is die sleutel wat elke belofte wat Hy maak, ontsluit. Die sleutel van geloof doen dit, geloof in Sy voltooide werk. Dis hierdie sleutels waaroor ons praat.

58 Nou in Hebreërs, die 11de hoofstuk, ek het 'n hele string van hulle hier neergeskryf, van hierdie helde van geloof. Dit was die sleutel, van—van die Deur, wat die mond van leeus weerhou het. Dit was die sleutel, geloof, wat die tronke oopgesluit het. Dit was geloof, die sleutel van geloof, wat die geweld van vuur uitgedoof het, die skerpte van die swaard ontsnap het, die dooie weer tot lewe gebring het. Dit was geloof, die sleutel van geloof in die lewende God. Daardie hand, daardie man, daardie vrou,

wat daardie sleutel van geloof kan vat, hulle kan elke belofte wat God gemaak het, ontsluit. Maar as jy nie daardie sleutel het nie, ploeter jy net, jy sal dit nooit oopsluit nie. Jy sal skop daarteen, want hierdie sleutel . . .

59 Enige korrekgemaakte sleutel, het klawers aan die binnekant van die slot, en dit vereis 'n sekere formaat, 'n sekere vorm van daardie sleutels om daardie klawers te draai. En net een klein klawer uit die patroon uit, sal die hele ding opmors.

60 Gevolglik, glo ek in die volle Evangelie, elke Woord van God, wat die krag van God losdraai, wat Sy seëninge na die mense draai. Dis die sleutel van die Deur, wat Dit oopsluit. O, daardie groot helde, daardie profete en groot manne van die Bybel, wat daardie sleutel gehad het! Dis waarom hulle die mond van leeus kon weerhou, die geweld van vuur kon uitdoof, die skerpte van die swaard kon ontsnap, die dooies weer tot lewe kon bring, en allerhande soorte wonderwerke kon doen, is omdat hulle daardie sleutel gehou het en hulle geweet het dit het gewerk, omdat dit 'n Skrif-gebore sleutel was.

61 Nou, as ek ploeter met 'n geloofsbelydenis-sleutel, weet ek nie wat dit gaan doen nie. As hulle sê: "my kerk leer soos *dit*," weet ek nie so mooi nie.

62 Maar wanneer die Bybel dit leer, en ek hou die geloofsleutel in my hand, of in my hart, wat sê: "dis God se Woord," sal dit die geweld van vuur uitdoof, sal dit genesing vir siekes ontsluit, sal dit verlossing vir die verlorenes ontsluit. Ek moet na die Deur toe kom, alles is in Sy Naam. "Wat julle ook al doen in woord of daad, doen dit alles in Sy Naam." Weet dat die sleutel wat julle het, geloof is, omdat dit 'n Skrif-gemaakte sleutel is. Nou, as dit 'n geloofsbelydenis-sleutel, denominasionele sleutel is, weet ek nie wat dit sal doen nie. Maar as dit 'n Skriftuurlike sleutel is, sal dit oopsluit omdat God so gesê het. Nou, o, geen wonder, hulle kon die geweld van vuur stopsit, ensovoorts nie, hulle het die sleutel gehad.

63 God se eerste knik na een van daardie profete, kon niks hulle stuit nie. Hy hoef nie te gemaak het soos Hy somtyds met my maak nie, hamer dit oor en oor, en miskien julle (ek hoop nie), maar bly my sê: "Gaan doen dit," en dan sal jy aanstrompel: "Gaan dan *dit* doen," en: "Gaan terug en doen dit weer, jy het dit nie reg gedoen nie." Net een klein knikkie! Net, hulle kon net die Gees hulle voel sê: "Dis die ding om te doen," en niks gaan hulle stuit nie. Broer, hulle—hulle—hulle het die mond van leeus weerhou, hulle het aan die skerpte van die swaard ontsnap, hulle het vuur uitgedoof, hulle het alles gedoen. Net 'n knikkie van God, omdat hulle die sleutel in hulle hand gehou het, daardie groot geloof! Hulle het dinge vir God gedoen, omdat niks hulle sal stuit nie. O, hoe glorieryk!

64 Soos die jongman eenkeer na 'n ou broer gekom het, wat 'n godvresende ou man was, 'n ou profeet van God. En hy het daardie man voortdurend hoor getuig, voortdurend vertel oor die goedheid van God, en hoedat God was, en wat Christus was, en gaan net voort, praat. Eindelik, hierdie jongman sou georden word in die bediening, toe het hy na hierdie sekere ou wyse gegaan, en hy het vir hom gesê: "Meneer, ek wil jou 'n vraag vra."

Hy het gesê: "Vra gerus, jongman."

65 Hy het gesê: "Beteken Christus letterlik soveel vir jou as wat jy sê Dit beteken?"

66 Hy het gesê: "Hy beteken meer vir my as wat ek ooit asem sou hê om te spreek!" Daar het julle dit. Wat was dit? Hy het die sleutel gevind.

67 Daardie jongman het gesê, daarop: "As jy op hierdie dinge aanspraak maak, en jy sê vir my dat hulle so werklik soos jy is, dan wil ek daardie selfde Jesus ken, met dieselfde werklikheid." Wat was dit? Hy het geweet die ou man het 'n houvas op 'n sleutel, dat hy kon oopsluit en kon toesluit.

68 Weet julle, 'n sleutel wat sluit, sluit oop ook. Sien? Jy kan losmaak of bind. Dis reg. Dieselfde sleutel wat sluit, sluit oop. Die sleutel wat oopsluit, kan toesluit. En dis presies, sien, want dit werk weerskante toe. Hoe jammerlik is dit dat die kerk ooit sy visie daarvan verloor het! Watter treurige ding was dit nie toe die kerk homself uitverkoop het aan geloofsbelydenisse nie, soos ons vandag het, en nou oproep om te verenig.

69 Ons sien waar die groot Roomse hiërargie en hulle nou gaan ontmoet, gaan hulle sekere programme verander. Ek het gedink hulle verander nie; maar hulle gaan, in elk geval, elke priester die mag van 'n pous gee, en—en waarby hy al is, ensovoorts. Hoe jammerlik, dat die kerk ooit uitverkoop het aan dogmas in plaas van die Woord. Sien? Dis waar hulle die sleutel gelaat het, net daar. Dis waarom die groot wonderwerke en tekens nie vandag onder die mense gedoen word, wat daar altyd was nie, hulle het die sleutel verloor! Ja, hulle ken die Deur, hulle weet die Deur is daar, maar die volgende ding is die sleutel om die Deur oop te maak. Die skatte is agter die Deur. Hulle is toegesluit, uit sig uit, van die ongelowige. Maar die gelowige, wat geloof het en die sleutel van geloof kan neem, kan hierdie Deure oopsluit. Ja, meneer.

70 Eenkeer hier 'n paar jaar gelede, was daar 'n sendelingbroer, en hy het gevoel hy het 'n roeping na Afrika. Hy was 'n jong kêrel; 'n vrou en twee kinders, baie mooi, die jong dogters, omtrent sewe of agt jaar oud, elk. En hierdie jong kêrel kon nie daarvan ontslae raak nie. Hy was 'n—'n prediker, hy het 'n mooi kerk in die platteland gehad. Maar hy kon net nie ontslae raak van daardie roeping nie, hy "moet na Afrika gaan." En hy het gebid, dag en nag. Hy wou nie gaan nie. En God het aanhou praat met

hom: "Jy moet gaan!" En uiteindelik kom hy by 'n punt dat hy, 'n beslissende konfrontasie, waar hy—hy moet gaan!

71 Toe het hy na die sendingraad van sy kerk gegaan, en hy het gesê: "God het my geroep na sendingvelde daar ver in die oerwoude van—van Rhodesië." En in hierdie oerwoud is dit besmet met malaria, met koors en daardie warm son, peste en melaatsheid, en allerhande soorte siektes agter in hierdie oerwoud, wees waar hy die res van sy lewe sou gaan maak, onderneem. Het sy huis verkoop en alles wat hy gehad het. Toe wou die sendingraad hom toets, en hulle het gesê: "Is jy nou seker?"

Hy het gesê: "Ek is positief."

72 Hulle het vir hom gesê: "Meneer, het jy op hierdie manier daaroor gedink, dat jy twee mooi dogtertjies het, en jy het 'n—'n lieflike jong vrou, en as jy sommer . . . Waarom gaan jy nie net oor en kyk hoe dit is en kom dan terug nie?"

73 Hy het gesê: "Nee, die Here het my gesê. O, dit is so werklik!" Hy het gesê: "Die Here het my geroep. En ek—ek wil nie my huis verlaat nie, ek wil nie my kerk en my mense verlaat nie, maar die Here het my geroep daaragter in daardie oerwoud."

74 En hy het gesê: "Meneer, het jy geweet jou dogtertjies sou geelkoors of swartwaterkoors kon opdoen, en sterf, oornag?" En hy het verwys na verskillende mense wat hulle kinders verloor het, die kleintjies, om hulle daar in te neem, aan siektes waarvoor hulle geen inenting gehad het nie. En het gesê: "Dink aan melaatsheid, van jou mooi vrou en jou twee klein dogtertjies met melaatsheid, en daardie warm son en dinge wat julle mee moet klaarkom." Het gesê: "Is jy nie bang nie, en die gevaar van jou kinders en vrou in so 'n plek in te neem nie?"

75 En die sendeling het daar gestaan, die jong kêrel, en die trane begin teen sy wange afloop, hy het omgedraai, hy het gesê: "My broers! My visioen van God se roeping," het hy gesê: "as God my na Afrika geroep het, is my kinders en familie meer veilig in Afrika as enige plek in die wêreld." Amen. Wat was dit? Hy het die sleutel tot sy roeping gehad, hy het geloof gehad in waarvan hy gepraat het. O, ek het gedink, watter moedige opmerking! Toe ek dit die eerste keer gehoor het, het my hart gespring. Sien: "As God my na Afrika geroep het, my kinders in die melaatsheid en peste en wat nog, is hulle daar veiliger as enige ander plek op die aangesig van die aarde." Hy het die sleutel gehad. Dis wat dit verg.

76 Wanneer jy die sleutel het, is daar geen vrees nie, daar's geen twyfel, daar's geen vraag nie. Jy hoef niemand anders daaroor te vra nie, jy weet presies. Jy het dit in jou hande, jy weet wat om te doen. Amen. Jy weet wat die telling is, jy weet die deur gaan oopsluit. Jy het die klawers nagegaan en jy weet dis presies

die regte ding, die deur gaan oopvlieg wanneer jy die sleutel daarin steek.

77 O, as die kerk maar die sleutels besit het! As die kerk maar net daardie sleutel van geloof besit het, sou ons enige deur kon oopsluit, enige siekte, enige plaag, enige geval wat daar is. Dit sou vir ons oopgesluit kon word, as ons maar net hierdie sleutel kon besit. Hierdie man het die sleutel tot sy roeping gehad.

78 As julle 'n persoonlike getuienis sal verskoon. Ek onthou nou omtrent vyftien, sewentien jaar gelede, omtrent, toe die Here vir my gesê het daar op die rivier, toe Hy neergedaal het in daardie Vuurkolom Waarvan julle die foto sien, en Hy tot my gespreek het en Hy gesê het: "Jy moet hierdie Boodskap rondom die wêreld heen neem."

En ek onthou by Green's Mill toe Hy met my gepraat het.

79 En ek het gegaan en die pastoor vertel en hy het my gesê: "Billy, wat het jy gisteraand geëet? Jy het 'n nagmerrie gehad." Hy het gesê: "Gaan terug na jou werk toe. Jy werk by die Publieke Dienste Maatskappy, het 'n goeie werk, gaan net terug en sien om na jou—jou besigheid, seun." Het gesê: "Jy het 'n nagmerrie gehad. Jy het iets geëet." Dit het my nie in die minste afgesit nie!

80 Toe ek begin het met die genesingsdienste, baie van julle hier onthou my Boodskap daardie oggend: *Soos Dawid Goliat Gaan Ontmoet Het*, het ek oor gepreek.

81 En hulle het my vertel, hy het gesê: "In die dag van moderne wetenskap, wanneer ons alle soorte mediese navorsing het, wanneer ons die beste dokters het, wanneer die kerk al lank Goddelike genesing vergeet het en goed van baie, baie jare gelede, hoe gaan jy, voor 'n groot reus soos daardie? Hoe gaan jy uitstap in die aangesig van die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, ensovoorts, en selfs die Pinkstermense, wat dit 'n lang tyd gelede vergeet het, en in hulle geloofsbelydenisse ingegaan het? Hoe gaan jy aanvat, met geen denominasie of niks anders om jou te rugsteun nie? Wat gaan jy doen, Bill?" Op een of ander manier het dit my nie die minste afgesit nie, want ek het in my hand 'n sleutel gehou! Ek het gesê. . . Hulle het gesê: "Niemand sal jou glo nie. Jy sal nie in staat wees om dit te doen nie. Niemand sal jou glo nie."

82 Ek het gesê: "Ek gee nie om nie. Daar's een ding seker; God het my geroep, en ek moet gaan omdat God my geroep het." Ek het die sleutel gehou. Hy het my geroep, en Hy het my gewys, Hy het my gesê, en ek het Sy Teenwoordigheid gesien toe Hy my opdrag gegee het, en die sleutel was daar!

83 Die pastoor het gesê: "Met 'n graad-sewe-geleerdheid, en jy gaan preek en bid voor konings en monarge!"

Ek het gesê: "Dis volgens Sy Woord!"

84 Omtrent hierdie tyd verlede jaar, of ’n week of twee tevore, toe ek hier na die kerk gekom het en julle vertel het dat die Here God my ’n visioen gegee het van gaan. . . ’n jagtog onderneem, en ’n—’n sekere dier wat ek sou kry, wat twee-en-veertig duim horings op hom sou hê. En op pad terug van hierdie dier te kry (waar dit sou lê, die posisie waarin dit sou wees), op die pad terug sou ek ’n silwertip-grysbeer doodskiet. En ek het na hierdie sekere seksie gegaan, en ek het met die man gepraat, en hy het gesê: “Ek weet van geen dier wat so lyk nie. En wat die grysbeer aanbetref, ek het nog nooit een gesien nie.”

Ek het gesê: “Maar êrens moet dit hier wees.”

85 Toe het hy gesê: “Ons gaan nie eens in beergebied in nie. Ons gaan boontoe vir skape, ver bokant die boomlyn.” Wel, ek het met hom saamgegaan.

86 En die tweede dag buite, op die einste plek, presies waar die Here gesê het, daar het die dier gelê. So toe ek gegaan en die dier gekry het, en terwyl ons die vel en die horings ensovoorts afgeslag het, het hy gesê: “Ek wil jou iets vra. Jy het my gesê, drie dae gelede toe ons die—die kamp verlaat het, dat nadat jy hierdie sekere dier geskiet het, dat op die pad terug jy ’n silwertip-grysbeer sou doodmaak.”

Ek het gesê: “Dis SO SPREEK DIE HERE!”

87 Het gesê: “Ek twyfel nie,” het hy gesê: “want my broer was ’n epilepsie lyer, en jy het hom nog nooit in jou lewe gesien nie, toe jy eenkeer hierbo was, en jy het my gesê dat daardie seun genees gaan word, as ek ’n sekere ding sou doen. En hy is.” Hy het gesê: “Nou, maar, Broer Branham, wil ek jou vra,” het hy gesê: “ek kan heelpad teen daardie berg af sien tot waar die boomlyn is, daardie perde staan. En daar’s niks daar nie. Daar is nie ’n kolletjie gras, daar is nie ’n rots, daar’s niks nie.” Kariboemos, wat omtrent twee duim hoog is, aaneen bokant boomlyne, vir ’n myl of meer bokant die boomlyn. Het gesê: “Waar gaan die beer wees?”

88 Ek het gesê: “God is Jehovah-Jireh. As Hy vir my gesê het daar sal ’n beer daar wees, sal daar een daar wees.”

89 Teen die berg af, omtrent elke slag as ons ’n halfmyl of so naderkom, het hy gesê: “Broer Branham, omtrent tyd vir daardie beer om te verskyn.”

Ek het gesê: “Moenie bekommerd wees nie, hy sal hier wees.”

90 En toe ons byna binne omtrent vyfhonderd jaarts was, van waar die perde was, moes ons weer rus met die swaar horings en dinge op ons rug. En hy het weer rondgekyk, en ek het sy gesig gesien soos hy na my gekyk het, asof hy diep in sy hart gewonder het. Sien, hy het *gehoop* dit sou daar wees, maar hy het nie die sleutel gehad nie.

91 Maar hoe ook al, deur die genade van God, het Hy my nog nooit gefaal nie. Toe Hy my gesê het daar sou 'n silwertip daar wees, het ek die sleutel gehad. Ek het dit nie die minste betwyfel nie, nie die minste nie. Ek het na hom gedraai, en ek het gesê: "Bud, dit sal daar wees." En net toe ek omgedraai het, daar het die beer [Leë kol op band—Red.] gestaan, reg bokant ons, omtrent 'n halfmyl.

92 Hy het die verkyker opgerig, hy het gesê: "Billy, so help my, dis 'n groot silwertip!"

93 Sien, die sleutel, 'n visioen, die Woord van die Here, daar's niks wat Dit kan verander of Dit stop nie. Wat die kerk vanaand nodig het, is nie 'n geleerdheid nie. Wat die kerk vanaand nodig het, is nie 'n denominasie nie. Wat die kerk vanaand nodig het, is nie geloofsbelydenis nie. Wat die kerk vanaand nodig het, is die sleutel tot die Skrifte, die Deur. Wat, Christus is die Deur, en Hy is die Woord. Geloof in die Woord van die lewende God, sluit elke deur oop.

God, gee ons die sleutel. Gee ons die sleutel.

94 Hebreërs, die 12de hoofstuk, sê: "Terwyl ons dan so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê, en die ongeloof wat ons so maklik omring." Daar word gesê "sonde," wat, *sonde* is "ongeloof." Sien? Net een sonde, dis ongeloof.

95 En *sonde* beteken "om die teiken te mis." Soos wanneer jy skiet, jy die teiken mis, beter jy jou geweer verstel, sien, want daar's iets verkeerd. Jy het die teiken gemis. Sien, kom terug en probeer weer. Sien? Dit beteken om om te draai, jy't die teiken gemis. Wanneer jy 'n Christen wil wees, en jy gaan sluit by die kerk aan, het jy die teiken gemis. Wanneer jy 'n Christen wil wees, en jy is besprinkel in die naam van "die Vader, Seun, Heilige Gees," het jy die teiken gemis. Kom liewer terug. Jy sal nie op die skyf wees nie. Jy sal sprei, so seker as die wêreld. Daar's slegs een Ding wat jou perfek in lyn kan hou, dis die Skrif, die Bybel, die Woord. Want, beide hemele en aarde sal verbygaan, maar God se Woord sal nooit verbygaan nie.

96 So, houvas die sleutel, geloof in die Woord! En elke bietjie geloof wat jy glo, en nie een spikkel twyfel nie, kan jy elke deur oopsluit wat staan tussen jou en die seëning wat God vir jou het. Mag God ons help om die sleutels te hê, is my gebed. Laat ons nou ons hoofde buig vir 'n woord van gebed.

97 Ons Hemelse Vader, ons dank U vanaand dat U ons 'n sleutel gegee het om vir ons verlossing te ontsluit. Ek—ek dank U daarvoor, Here, dat ons verlos is, en vir die sleutel wat ons in staat was om tot sover te gebruik. Maar God, gee ons geloof, dat elkeen van hierdie Woorde geskryf in U Boek klein klawers is, en hierdie Sleutel genaamd Jesus . . . hierdie Deur, bedoel, genaamd Jesus, en die sleutel, genaamd geloof, raak elke Woord aan, dit ontsluit dit. Dit skuif daardie klawertjie af en ons kan binnegaan

na daardie seëning. Hemelse Vader, gee aan ons die sleutels, dat ons in staat kan wees om geloof te hê in die beloftes van God, dat ons geloof nie kan faal nie, dat ons in staat kan wees om 'n diens aan U te wees en aan hulle met wie ons assosieer.

98 Vergewe elke sonde van ons ongeloof, Here, en help ons om U s'n te wees. Ons kom nou na die nagmaaltafel, en ek bid, Hemelse Vader, dat U ons sal vergewe vir al ons oortredinge, dat ons in staat kan wees om die vreugde van gemeenskap rondom die tafel van God binne te gaan. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

99 My broer, suster, as julle die sleutel het tot die Koninkryk, die Sleutel van die Deur, die sleutel tot verlossing, help God julle om die deure te open en Jesus te laat binnekom. Laat Hom julle die dinge gee wat julle so—so begeer.

100 Nou, net 'n oomblik voor ons begin lees oor nagmaal, wil ek 'n ding sê, want dis oor nagmaal. En wanneer ons na hierdie altaar kom, is daar net een manier om te kom, dit is, as ons die sleutel van geloof in ons hande hou, wat ons laat weet dat ons sondes vergewe is. En as ons nie daardie sleutel het om daardie Deur oop te sluit nie, dat ons sondes vergewe is nie, het ons geen saak aan die tafel van die Here nie. Want, hy wat eet en drink op onwaardige wyse, eet en drink oordeel oor homself, deur nie die liggaam van die Here te onderskei nie. Nou, dit is waar.

101 Ek skat ons almal weet dat vandag die Nasionale Nagmaalsdag is. Hierdie is die dag waarop alle kerke nagmaal hou. Dis die Nasionale Nagmaalsdag dwarsoor die nasie. En ek het gedink dit sou toepaslik wees om 'n woord of twee oor nagmaal te sê voor ons dit gebruik, terwyl die pastoor, as hy sal, die Skrifte gereed maak vir die lees van die—die verordening van die Here se tafel. Nou, hierdie nagmaal . . . Nou, ek sal maar net omtrent tien minute neem.

102 Hierdie nagmaal wat ons gereed maak om te gebruik, was die grootste twispunt van enige doktrine in die Bybel. Dit was hulle . . . een van hulle eerste twispunte in die vroeë kerk. En vandag sou die Protestant, van Episkopaalse en Metodiste, en baie van die Protestantse kerke, blymoedig Katoliek, Room Katolieke doktrine aanvaar, as hulle oor die klein bultjie van nagmaal kan kom. Maar hulle sal saamstem dat die priester getroud behoort te wees en predikers wees, die Katolieke kerk het daaroor saamgestem verskeie kere in hulle konferensies en byeenkomste. Hulle stem saam daaroor. En hulle sal saamstem oor verskillende gebede, ensovoorts, die Protestantse kerk sal daaroor saamstem. En die kategismes ensovoorts, die altaartjie hier en daar, en die Katolieke kerk is gewillig om dit te doen. Maar toe dit by die nagmaal kom, daar het hulle geval. Enigeen wat ooit geskiedenis gelees het, weet dit. Maar, natuurlik, na my manier van dink, sou hulle 'n lot hê om van ontslae te raak, voor ek—ek dit sou kon aanvaar, julle sien, omdat dit nie Bybels is nie.

103 Maar ek wil hê julle moet een ding vir die Katolieke kerk sê. Weet julle die Katolieke kerk was, aan die begin, die apostoliese pinksterkerk? Was beslis! Dit was die eerste begin van die kerk. En julle sien waar hulle—waartoe hulle geraak het, hulle het die Woord bly wegneem en 'n dogma inspuit.

104 En as die Pinksterkerk nog 'n honderd jaar sou voortbestaan, sou dit verder van die Bybel af wees as wat die Katolieke kerk vandag is, vanweë hoe dit nou gaan.

105 Dit het die Katolieke kerk etlike, honderd jaar geneem om daarvan af weg te kom, driehonderd jaar, van die vroeë kerk tot die organiseer van die Rooms Katolieke kerk, waarmee hulle begin het. En hulle het opgevang, groot hoogwaardigheidsbekleërs en dinge ingebring, en hulle het *dit* uitgesny en *dit* ingesit, en *dit* uitgehaal en *dat* opgestel, en heidense afgodsbeelde afgebreek en Christelike standbeelde opgesit, ensovoorts, en sommer Daarop toegegee tot hulle kom by wat hulle nou het, die Rooms Katolieke kerk.

106 En die Protestantse Pinksterkerk van die—die vyftig jaar wat dit bestaan, en vanwaar dit geval het sedert dit begin het, sal dit in 'n swakker toestand as die Katolieke kerk wees, oor 'n honderd jaar van nou af. Dis reg. Dis 'n groot woord om te sê, maar kyk net waarvandaan hulle geval het. Hulle het reg in organisering ingegaan, reg in kompromitering *hieroor* en *daaroor* ingegaan, en wat nog. En daar gaan hulle, sien, gaan reguit terug.

107 Maar, *nagmaal*, dit word genoem "die Here se avondmaal." Nou, 'n klomp mense, hulle wil dit in die oggend gebruik. Het nie in die Bybel gesê dit was Sy *ontbyt* nie. En hoe hierdie mense vandag, hoe hulle steeds "Here se nagmaal" kan sê, en hulle doen dit nie. Hulle het *avondmaal* uitgesny, en dit uitgelaat, en dit genoem "middagmaal," onsin. Avondmaal!

108 Nou, altyd 'n twispunt in die Bybelse tye, dit was toe 'n twispunt. Die mense het die Here se avondmaal misverstaan, wanneer hulle tafel toe kom. Paulus het vir daardie Korinthiërs gesê. Hulle het gekom en dronk geraak aan die Here se tafel. Sien, dit was toe al misverstaan. Hy het gesê: "As julle wil eet, eet by die huis."

109 En nog 'n ding, daar is misverstaan, wat dit was. Sondaars, en mense wat in sonde lewe, kom en het die nagmaal gebruik. En dit is misverstaan. 'n Man wat saam met sy moeder, aangenome moeder, geleef het, en die kerk het hom daarvan gesê; het steeds nagmaal gebruik aan die tafel.

110 En daar was verskille onder hulle, en hulle het steeds nagmaal gebruik. Hy het gesê: "Ek verstaan dat julle wandel soos die res van die Heidene. En daar's—daar's wrywing tussen julle, soos daar is by—by veral in Céfas se huis, ensovoorts." Het gesê: "Julle wandel soos die res van die Heidene." Sien, dit is misverstaan.

111 Die nagmaal is altyd misverstaan. Nou, ek sou vir ure daarmee kon voortgaan, maar ons moet kom by hierdie nagmaal en die voetewas. Nou hulle het eenvoudig voetewas heeltemal uitgelaat, maar slegs 'n paar van die denominasies. 'n Klomp van die Pinkstermense het heeltemal weggedoen daarmee. Sien? En dis steeds in die Bybel net soos wat dit geskrywe was. Sien?

112 Nou, Rome noem dit nie "nagmaal" nie. Hulle noem dit "mis, dis 'n heilige mis." Hulle hou nie nagmaal nie, hulle hou 'n mis. Dis 'n mis, en 'n mis neem sekerlik die ware betekenis van nagmaal. 'n *Mis* beteken "hopend." Hulle hou 'n mis, hoop (dat deur dit in die mis te doen) dat God hulle vir hulle sondes sal vergewe, deur in te neem "die letterlike liggaam van Christus, wat die priester verander na die Liggaam en Bloed van Christus," dit in te neem, in die hoop dat God hulle sondes sal weglaat deur so te maak. Dis 'n mis.

113 Die Protestante noem dit "nagmaal." Nagmaal beteken "danksegging." Wat die Protestant . . . Die Katoliek hou 'n mis, hoop in die mis dat God hulle hulle bose dade vergewe. Die Protestant hou dit met danksegging vir wat alreeds gedoen is met die gemeenskap met God; gemeenskap met Hom, dat dit alreeds gedoen is. Die Katoliek hoop dit word gedoen; die Protestant sê dis alreeds gedoen. Die Katoliek wonder of sy sondes vergewe is; die Protestant bely dat hulle vergewe is, dat hy vry is. En 'n nagmaal is nagmaal saam met God. En hierdie artikels wat ons inneem, nie in *hoop* dat ons sondes vergewe is nie, maar dat hulle vergewe *is*. Want dit . . . Een is hoop; en die ander een is geloof. Een hoop hy's reg; en die ander een weet hy's reg. Sien? Die ander een, een hoop, want hy weet nie waar hy staan nie; die ander een weet hy's reg, want hy weet wat God gesê het. Dis dit. Dis die verskil. So, wanneer jy slegs hoop, wees versigtig; maar wanneer jy weet, gaan dan voort. Sien, dan is jy in gemeenskap met God. Protestant is, hy sê hy's vergewe en hy weet dit; die Katoliek hou mis, hoop dat hy vergewe sal word. Dis maar soos dit: een is 'n bedelaar, hoop dat alles in orde is, sien; die ander een is 'n bedelaar wat bedank vir wat alreeds gedoen is. Hulle is albei bedelaars. Maar een bedel, hoop hy sal dit kry; die ander bedelaar weet hy het dit, en het Hom bedank oor Hy dit aan hom gegee het. Nou, daar's die verskil. Dis nagmaal. Ja, meneer. Een hoop dat hy vergewe is; die ander een weet hy's vergewe, en gee dank daarvoor.

114 So, nagmaal is vir Christene wat wedergebore is uit die Gees van God. En *wedergebore* beteken nie noodwendig dat jy die Heilige Gees het nie. Nou onthou. Nou, baie leer dit. "Ek ken niemand wat dit so onderrig nie," soos ou Broer Arganbright daardie aand hier van die preekstoel af gesê het, sien. Maar, wedergeboorte is nie die doop van die Heilige Gees nie. Die Skrif ondersteun dit nie, ek dink nie so, sien, volgens my siening daarvan nie. Sien? Ek glo dat jy wedergebore word . . .

115 En dis waarom ek wel die woord doop in die Naam van Jesus Christus gebruik, maar nie tot regenerasie nie. Nou, die Pinksters, Verenigde Pinksterkerk; doop in die Naam van Jesus Christus tot regenerasie. Ek glo nie daarin nie. En hulle kan dit doen, as hulle wil. Maar ek glo dat Petrus gesê het: "Bekeer," eerste. Water sal nie sonde vergewe nie. Die Kerk van Christus onderrig dit so. Maar ek glo dat bekering, goddelike berou; *bekeer* beteken "draai om, gaan terug," jy het die teiken gemis, "begin weer oor." Doen dit eers! En jou doop in water is slegs 'n buitenste verklaring van iets wat binnekant jou gedoen is, dat jy Christus as jou Verlosser aangeneem het.

116 Ek skat dis net die kerk hier vanaand, sover ek weet, ek's nie genoeg hier om te weet wie kom of nie. Ek het 'n bietjie kritiek gekry, hier nie lank gelede nie, oor 'n man te doop hier in die poel, 'n ou kêrel. En ek het na hom toe gegaan, hy was 'n goeie ou man. Ek het die voorreg gehad om sy hele familie na Christus te lei, hulle almal Christene. Hierdie ou man was 'n goeie ou man, en ek het van hom gehou, toe het ek na hom gegaan en ek het vir hom gesê: "Pappa, waarom word jy nie 'n Christen nie?" Hy's lief vir my.

117 Hy het gesê: "Broer Branham, ek sal 'n Christen word wanneer ek goed genoeg kan word."

118 Ek het gesê: "Sê jou wat jy doen, Pappa. Kyk jy rond tot jy uitvind waar jy goed genoeg kan raak, en sê my dan waar daardie plek is, ek wil ook gaan." Ek het gesê: "Christus het nooit gekom om goeie mense te red nie. Hy kom om slegte mense te red." Wanneer jy dink jy's goed, dan het Hy nie gekom om jou te red nie. Hy kom om hulle te red wat Hy weet sleg is. Sien? Christus het gesterf om sondaars te red. Sien? En ek het gesê: "Pappa, daar's 'n lyn net hier."

Hy het gesê: "Wel, ek rook hierdie sigarette."

Ek het gesê: "Ek gaan nie eens oor hulle praat nie."

Hy het gesê: "Ek het hulle probeer opgee, Broer Branham."

Ek het gesê: "Goed, ons gaan nie oor sigarette praat nie."

Hy het gesê: "Wel, wanneer ek kan . . . "

119 Ek het gesê: "Moenie, moenie nog iets oor hulle sê nie, los hulle uit. Ek wil jou 'n vraag vra."

Hy het gesê: "Goed, wat is dit?"

Ek het gesê: "Glo jy daar is 'n God?"

120 Het gesê: "Sekerlik, glo ek dit." Gesê: "Ek glo dit so vas soos jy, sou ek dink, Broer Branham."

121 Ek het gesê: "Glo jy dat daardie selfde God Sy aard oorgesteek het en vlees geword het en tussen ons gewoon het in die persoon van Jesus Christus, ten einde die mens te red?"

Hy het gesê: "Ja, ek glo dit."

"En Hy het gesterf om sondaars soos ek en soos jy te red?" Sien?

"Ja, ek glo dit."

122 Ek het gesê: "Nou, dis net soos dit. Ons is almal in een groot gebou hier, en ons is in die tronk, en ek kan nie daar in hierdie hoek staan en sê '*dit* sal my help om uit die tronk te kom,' nie, ek staan daar in daardie hoek en sê '*dat* sal my help om uit die tronk te kom' nie, ons is almal in dieselfde penarie. En elke mens wat in hierdie wêreld gebore is, is in sonde gebore, gevorm in ongeregtigheid, kom na die wêreld en praat leuens. Hy's 'n afvallige, om mee te begin."

123 Iemand het nou die dag gevra, hy het gesê: "Broer Branham, as . . . sou daar enige verskil wees tussen Adam en Eva, en hulle kinders vandag, as hulle almal nakend sou wees, geloop het in die . . . Sou—sou hulle liggame dieselfde wees?"

124 Ek het gesê: "Nee, meneer." Ons was op pad huis toe van eekhoringjag, ek en Broer Fred, en 'n klomp van hulle. Ek het gesê: "Nee, hulle sou nie dieselfde wees nie."

125 Het gesê: "Jy bedoel Eva sou nie 'n vrou wees soos haar dogters nie, en Adam sou nie 'n man wees soos sy seuns nie?"

Ek het gesê: "In baie opsigte, maar nie in alle fisiese opsigte nie."

Hy het gesê: "Wat sou die verskil wees?"

126 Ek het gesê: "Hulle sou nie enige naeltjie hê nie. Hulle is geskape. Reg. Hulle was nie aan enigiets verbind nie."

127 Solank as dit gedra word daar op enigiets wat in hierdie wêreld gebore word, wys dis 'n afvallige, om mee te begin. Dis reg. Ek het gesê: "Vir seker, daar's 'n verskil. Hulle sou geen naeltjie hê nie. Hulle was nie aan enige vroulike verbind, om hierheen te kom nie." Sien, God het hulle geskape.

128 Nou, ek het gesê: "Ek wil iets sê. Elke mens in hierdie tronk, wie's heilig? Wie is die een wat nie deur seks gebore is nie? Wie is een wat die ander help, ongeag wat hy is? Ons is almal in dieselfde tronk. Maar God het Hom een van Sy skepsels gemaak en gekom sonder seks, deur die heilige Bloed wat Hy Self geskep het, en deur daardie Bloed het Hy ons verlos." Ek het gesê: "Glo jy dit, Pappa?"

Hy het gesê: "Ek glo dit."

129 Ek het gesê: "Christus sterf vir slegte manne soos jy. Nou, daar's net een manier om te werk te gaan. Daar's niks wat jy kan doen nie. Hy bied dit vir jou aan. Jy kan dit nie verdien nie. Niks wat jy kan doen om dit te kry nie. Hy gee dit sommer net vir jou. Sal jy aanvaar wat Hy vir jou gedoen het, om jou uit die hel te hou?"

130 Hy het gesê: "Ek sal dit doen." Hy het gesê: "Maar as ek net van hierdie sigarette ontslae sou kon raak."

131 Ek het gesê: "Die sigarette sal vir hulleself sorg. Jy net . . . Ek vra jou nie. Ek's nie 'n wettiese nie. Ek glo in genade. 'En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.'" Ek het gesê: "As jy dit met jou hele hart glo!"

Hy het gesê: "Met my hele hart, glo ek dit."

132 "Jy sal dit dan op daardie basis aanvaar, dat jy dit nie waardig is nie, maar Hy's die Een wat waardig is. Moenie na jouself kyk nie; kyk na Hom, want jy kan niks vir jouself doen nie. Kyk na die Een wat iets vir jou gedoen het. Wat van Hom?"

"O," het hy gesê: "Hy's waardig."

Ek het gesê: "Dit is dit, aanvaar dan wat Hy jou gee."

Hy het gesê: "Ek doen dit."

133 En ek het hom gedoop in die Naam van Jesus Christus. En hy gaan hier uit en steek 'n sigaret.

134 'n Paar weke gelede was ek daar by sy tuisplek. Ek het een nag 'n visioen gesien, van 'n immergroenboom wat afgekap word, onderstebo gedraai word. Ek het planke daaraan gespyker gesien. Reg langsaan die laaste plank was 'n opvallende plank. En daar onderkant daardie plank, reg daar na die end toe, het *so* uitgeloop, het die boom net daar gebreek. En 'n Stem het gesê: "Dit moes jy gewees het," of "Dit sou jy gewees het." En Pappa Cox het geval, het sy rug *hier* aan die binnekant gekneus. En toe die volgende oggend het hulle sy sigarette na hom gebring toe hy in die bed was, die begeerte het hom alreeds verlaat. Weke gelede! Hy het nooit een geproe nie, wil nie eens een hê of niks anders nie. Sien? En ek het hom 'n ruk gelede gesien, toe sy hande sommer oraloor bruin was, 'n paar weke gelede van sigarette, en nou kan hy nie eens verdra dat een by hom rond is nie. Plaas eerste dinge eerste! Moenie goed probeer word nie, jy's sleg, om mee te begin, en niks wat jy kan doen nie. Daar's 'n skeidslyn, en alle menslike wesens is aan daardie kant.

135 Nou, toe ek in hierdie wêreld gebore is, was dit tussen 'n heilige huwelik, tussen my vader en moeder; in haar skoot was 'n eier, in my vader se kliere was 'n bloedsel. My lewe bestaan uit daardie bloedsel (nie uit my moeder se eier nie), uit my vader se bloedsel. En toe daardie bloedsel in sy regte plek ingegaan het om die eier te ontmoet, toe dit het, is die natuur opgedra deur God, om my 'n liggaam te gee. En toe dat ek toe in die menslike ras gebore is, ek is 'n geleentheid gegee om—om 'n intelligente persoon te word, soos menslike wesens is, waar ek 'n motorkar kon bestuur, of ek dinge kon doen soos menslike wesens maak, loop, praat, 'n motorkar bestuur, ensovoorts. Ek is dit gegee, omdat ek in die menslike familie gebore is, en is krag van intelligensie om 'n menslike wese te wees, gegee.

136 Nou, toe ek in die familie van God gebore is, het ek gekom deur die Bloed, die Bloed het my Lewe gegee. En dan nadat ek lewend geword het in Christus, het Hy my gedoop met die Heilige Gees en krag, om 'n seun van God te wees. Nou, net soos ek kon loop, praat soos 'n menslike wese, my motor bestuur soos 'n menslike wese. Nou toe ek die Heilige Gees ontvang, ontvang ek krag om duiwels uit te dryf, om in nuwe tale te praat, die Evangelie te verkondig, die siekes te genees. Ek is gedoop! Nie gebore nie, maar gedoop!

In die bo-kamer was hulle byeen,
Biddend' daar Sy Naam bely,
Deur die Heil'ge Gees is hul gedoop,
Het krag tot diens verkry.

137 Amen. Jy glo tot Ewige Lewe, en word wedergebore deur jou geloof. Jesus het gesê, in Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende lewe," nie die Heilige Gees nie, net ewigdurende lewe. Hy's gebore in die familie van God. En dan gedoop in die Heilige Gees in, met krag van die intelligensie van geloof, om die Evangelie te glo en om Dit te laat werk en Dit reg te laat optree. Amen. Dan tree Hy op soos 'n seun van God. Dan kan hy duiwels uitdryf. Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal hulle volg!" Sien? "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat, slange opneem, dodelike goed drink." Sien, hy ontvang krag deur die Heilige Gees, om hierdie dinge te doen.

138 Nou, toe Hy weggegaan het, het Hy gesê: "Dis raadsaam vir My dat Ek weggaan. Want, as Ek nie weggaan nie, sal die Heilige Gees nie kom nie." Sien? Dan wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde, en geregtigheid leer, en julle dinge wys wat moet kom (dis visioene). "Hy sal die dinge vat wat Ek julle geleer het, en hulle aan julle openbaar." Die einste Woorde wat Hy gekom het. . . Geen mens kan die Woord verstaan buite die doop van die Heilige Gees nie. En wanneer 'n mens sê hy het die doop van die Heilige Gees, en betwis dat die Woord reg is, is daar iets verkeerd.

139 Paulus was 'n kritikus van die Nuwe Testament. Dit was nie, die Nuwe Testament was nie geskryf nie. Paulus was 'n kritikus van Christenskap, Saulus. En toe hy die Heilige Gees ontvang het, het hy drie jaar daar in Asië gegaan en die Skrifte bestudeer, omdat hy onderrig was onder Gamaliël, 'n groot leermeester. Toe, toe hy teruggekom het, en veertien jaar later, het hy gegaan om Petrus in Jerusalem te ontmoet, en het uitgevind hulle was Woord vir Woord dieselfde Evangelie. Dieselfde God wat Petrus laat preek het op die Pinskterdag en hulle aangesê het om hulle te bekeer en gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, daardie selfde Gees het dit aan Paulus geopenbaar, en hy het hulle gesê in Handelinge 19, nadat hulle al klaar eenkeer gedoop

was deur Johannes, het gesê: "Julle moet weer oorgedoop word, in die Naam van Jesus Christus." Sien?

140 Sien, die Heilige Gees bly reg direk by die Skrifte. Dis geloof Daarin wat elke geheimenis ontsluit. Amen. Die Bybel het gesê, in Een Johannes 5:7: "Daar is drie wat getuig, Hemel: die Vader, die Woord (wat Christus was), en die Heilige Gees. Hierdie drie is Een." "En daar is drie wat getuig op aarde: water, Bloed, Gees. Hierdie drie is nie een nie, maar hulle is eenstemmig." Nou, jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie, jy kan nie die Seun hê sonder om die Heilige Gees te hê nie; Hulle is Een. Maar jy kan geregverdig word, sonder om geheilig te word, en jy kan geheilig word sonder om die Heilige Gees te hê. Heiligmaking is deur die Bloed, deur die Bloed kom Lewe. Sien? En die Heilige Gees is die krag van God, sien, die krag aan die kerk gegee.

141 "Julle sal ontvang" (wat?) "krag," Handelinge 1:8 "nadat hierdie die Heilige Gees op julle gekom het. Julle sal krag ontvang!" (Nie "julle sal wedergebore word" nie.) "Julle sal krag ontvang nadat die Heilige Gees op julle gekom het. Dan sal julle My getuies wees in Jerusalem, Judéa, en Samaria, tot aan die uiterstes van die aarde." Sien? Jy ontvang krag nadat jy die Heilige Gees ontvang. Maar eers moet jy die Heilige Gees ontvang, en dit is die krag van God, sien, om te manifesteer en te demonstreer. Jy's—jy's . . . soos jy 'n mens was, en geleer het om te praat en loop en die dinge te doen wat 'n mens doen; wanneer jy gedoop word met die Heilige Gees, word jy krag gegee om as seuns en dogters van God op te tree. Geen wonder mense tree op en maak soos hulle vandag maak nie, hulle was nooit met die Heilige Gees vervul nie. As hulle sou wees, sou hulle anders optree. Hulle maak aanspraak daarop hulle was, maar Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." So hoe kan jy dit doen, julle sien, dis net alles deurmekaar gekrap. Sien? Maar kom terug na die feite!

142 Nou, as jy opreg wandel en daarop aanspraak maak dat jy 'n Christen is, nooi ons jou vanaand na die tafel van die Here. Vandag, sonder twyfel, is die nagmaal gebruik regoor die nasie, sommige van hulle op een manier en sommige op 'n ander. Maar ek dink die beste manier om dit te doen, is volg die Skrifte, net die manier soos hulle in die Skrifte het. Ek dink dit sou voldoende wees.

143 Het jy jou Bybel, Broer Neville? Broer Neville sal nou die Skrifte lees. [Broer Neville sê: "In die 11de hoofstuk van Een Korinthiërs, vanaf die 23ste vers," en lees die volgende Skrifte:]

> [*Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;*]

[*En nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis*.]

[*Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis*.]

[*Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom*.]

[*Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here*.]

[*Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink*.]

[*Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van Christus nie onderskei nie*.]

[*Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap*.]

[*Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie*.]

[*Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie*.]

[Broer Neville sê: "Die Here seën die lees van Sy Woord."—Red.]

144 Dis altyd so 'n heilige ding, so 'n gewyde ding, ek dink ons moet nou ons hoofde buig in stille gebed. Bid julle vir my, ek sal vir julle bid. Laat ons vir mekaar bid, dat God genadig sal wees teenoor ons onwaardige skepsels wat gereed maak om deel te neem aan hierdie groot sakrament ter nagedagtenis van die dood van ons Here.

145 [Broer Branham verpoos vir stille gebed. Leë kol op band—Red.] Hierdie gebed van belydenis offer ons aan U, ons Vader, op U goue altaar, met ons offerhande, die Here Jesus. Ons vra dit in Sy Naam. Amen.

146 Nou dink ek sal die ouderlinge hulle plek inneem, en hulle sal . . . van die kerk, en hulle sal die mense naderbring soos hulle kom, ry vir ry, vir die nagmaal. Dink altyd aan daardie lied:

Dierb're Lam geslag, U kosbaar Bloed
Sal nooit Sy krag verloor,
Voor die verloste Kerk van God
Geheel gered is, bevry van sonde.

Laat ons ons hoofde buig.

147 Genadige en Heilige Vader, Jehova, die groot Almagtige, stuur U seëninge op U mense waar ons wag. Vergewe ons sondes. En nou bied ons aan U hierdie sakrament, hierdie wyn, die druiwe is laat groei, en hande van predikers het dit saamgepers. En dit is tot wyn gemaak vir die doel waarvoor ons dit nou na U bring, dat dit vir ons kan voorstel die Bloed van ons Here Jesus Christus. Ek bid U, Vader, om die wyn te heilig vir daardie doel. Vergewe elke sonde van ons. En mag elke persoon wat hierdie wyn ontvang vir hulle liggaam, mag hulle gesondheid, krag en verlossing van U ontvang. Skenk dit, Here. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

148 Die Bybel het gesê dat toe Hy brood gebreek en dit geseën het, gesê het: "Neem en eet, dit is My Liggaam wat vir julle gebreek word. Doen dit tot My gedagtenis." En wanneer ons hierdie klein pakkies met brood neem, van kousjer, wat ongesuur gemaak is. Dis deur Christene gemaak. Dis gemaak omdat dit—dit die Liggaam van Christus verteenwoordig. Ons verstaan dat—dat dit die dissipels van Christus se dag was, of die dag van die kerk, wat hierdie porsies geneem, die ete gereed gemaak het by die laaste avondmaal, by Christus se laaste avondmaal. En daar deur die Bybel, was dit dissipels wat hierdie dinge aan die mense bedien het. En vandag, bedien ons hedendaagse dissipels, ons broers hier van die kerk, dissipels van hierdie Saak, die mense. En hulle sal hierdie porsies neem en hulle aan die mense gee.

149 En nou wanneer julle hierdie brood ontvang, onthou, dit verteenwoordig die Lam. Lang jare gelede toe Israel se lam oor vuur gebraai was, en met bitter kruie geneem is, het die mense krag gehad: het hulle skoene nooit uitgeslyt, hulle klere nooit verslete geraak, deur die hele reis totdat hulle die beloofde land getref het nie. Mag God ons gesond, gelukkig, Hom aan die dien hou, totdat ons die Beloofde Land bereik wat Hy ons gegee het.

Laat ons bid.

150 Genadige Hemelse Vader, waar ek vanaand gepraat het van daardie Heilige, gewyde Liggaam van ons Here, in Wie die volheid van die Godheid gewoon het. Wanneer ek dink aan daardie Liggaam wat gewond en—en gebreek word, en die Bloed loop uit, Sy rug en Sy ribbes wat deurskyn, die snye op en af oor Sy rug; wanneer ek dink hierdie verrimpelde, gekniede brood verteenwoordig dit, kom dit opnuut in ons harte. Ons lê ons harte, Here, op U altaar vanaand. Vergewe ons, O God. En mag hierdie gebroke brood, waar dit ingaan in die mond van hierdie, U dienaars, en mag hulle besef dat dit U kosbare Liggaam was wat verbrysel en verwond was, en deur die wonde het ons genesing gekom. Skenk dit, Here. Heilig hierdie kousjer brood vir sy bestemde doel. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Wag net 'n minuut.

151 Dit is nie geslote nagmaal nie. Elke Christelike gelowige is welkom aan die tafel van die Here, om hierdie gemeenskap met ons te deel.

Die Sleutel Van Die Deur AFR62-1007
(The Key To The Door)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 7 Oktober 1962, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org